LUCILLE BOTHA lbotha@landbou.com

# Goeie bestuur is nodig vir gesogte ouwingerd-status

Baie dinge moet reg loop as jy 'n wingerd 35 jaar of langer wil laat oorleef – en laat floreer. Produsente moet egter seker maak hulle identifiseer belowende wingerde wat sulke gesogte ou wingerde kan word, betyds en bestuur dit reg.


Daar is sowat 3 500 ha ou wingerde in Suid-Afrika. Om as ou wingerd geklassifiseer te word, moet 'n wingerd minstens 35 jaar of ouer wees.

**KORTOM**

- Weens virusbesmetting is daar nie baie wingerde wat binnekort die 35-jaar-kerf gaan haal om as ou wingerde, waarvan gehaltewyn gemaak word, geklassifiseer te word nie.
- Wynprodusente moet die waarde van die Ouwingerd-projek insien en betyds jonger wingerde wat die potensiaal het om oud te word, identifiseer.
- Ou wingerde is dikwels lank afgeskeep. Uitstekende boerderypraktyke is nodig om nuwe lewe in dié wingerde te blaas.
- Verbruikers wat baie opdok vir wyne uit die Ouwingerd-projek, moet gemoedsrus hê dat dit duur is omdat die wingerdpraktyke so goed is.

Nie baie wingerde gaan oor die volgende tien tot vyftien jaar die gesogte ouwingerd-status haal nie.

Mnr. Rudiger Gretschel, direkteur van produksie by Vinimark, het dié omstrede stelling gemaak tydens 'n onlangse webinaar oor die Ouwingerd-projek. Dit het die kollig geplaas op wingerdprodusente se verantwoordelikheid om vroeg reeds besondere wingerde te identifiseer wat moontlik eendag as ou wingerde geklassifiseer sal word.

Gretschel voorspel 'n ernstige tekort aan "nuwe" ou wingerde van vanjaar af. Om as ou wingerd geklassifiseer te word, moet 'n wingerd minstens 35 jaar oud wees.

"Die wingerde wat vanjaar by die projek geregistreer kan word, is in 1985 geplant, maar wingerde uit die 1980's is dikwels deurtrek met virusse. Baie min daarvan staan nog. Ek twyfel of dit wat wél nog oor is, die vermoë het om wyn te lewer van die gehalte wat ons deur die Ouwingerd-projek leer ken het. Baie min wingerde gaan oor die volgende tien tot vyftien jaar ouwingerd-status haal."

Daar is tans sowat 3 505 ha ou wingerde in die bedryf – minder as 4% van die totale wingerdstand. Vititec is die afgelope paar jaar besig om wingerdmateriaal uit ou blokke skoon te maak van virusse. Die eerste stokkies behoort binnekort beskikbaar te wees, het Gretschel gesê.

Volgens hom is die Ouwingerd-projek "wonderlik", deels omdat dit nie deur 'n span bemarkers uitgedink is nie, maar eg en outentiek is. Dit het ontstaan uit die besef van me. Rosa Kruger, onafhanklike wingerdboukundige, dat dit belangrik is om hierdie spesiale wingerde te bewaar.

"Ou wingerde, en die wyn wat daaruit